

Gereformeerde Kerk Bellville – 25 Oktober 2015 – aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 4-4:3, 4, 5 (4:3, 4, 5)

- 3 Maar die engel het geroep: / “Moenie skrik nie, moenie vrees,
want ek boodskap vreugde wat / vir die hele volk sal wees.”
“Die Verlosser,” juig sy stem, / “is gebore in Betlehem.”
- 4 “Hy, die Heer en Christus, lê / – dis die teken van die Kind –
rustig in die voerkrip neer / en in doeke toegebind.”
En toe klink ’n lofsang daar / van ’n ganse engelskaar:
- 5 “Eer aan God, die hoogste Heer!” / ruis dit uit ’n stemmese.
“Vrede op aarde, vrede weer!” / En die donker nag ruis mee.
“Welbehae, eind’loos groot, / in die mens, Gods gunsgenoot!”

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Loflied: Psalm 75:1, 4 (p. 377)

- 1 U alleen, U loof ons bly – / ja, ons jubel tot u eer!
Want u Naam is, troue HEER, / vir u volk tot troos naby.
Daarom roem ons in ons land / al die wonders van u hand.
- 4 Die verlossing, roem en eer / kom nie uit woestyne ver,
nie uit oos of weste her; / want die Regter is die HEER.
Hy sit bo die hemelboog – / Hy verneder en verhoog.

Gebed

Skrifberyming 4-7:1, 2 (3:1, 2)

- | | | | |
|---|---|---|--|
| 1 | Neem nou maar, Heer, u kneg / na u belofte weg,
en laat hom gaan in vrede – / nou hy die saalge dag,
so lank deur hom verwag, / gesien het op sy bed. | 2 | ’n Lig het opgegaan, / ’n helder stralebaan
skiet deur die donker wolke. / Dit is Immanuel,
die Vors van Israel, / die Lig van alle volke. |
|---|---|---|--|

Skriflesing: 1 Johannes 1:5-2:6; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2, Artikel 3

Kernvers: 1 Johannes 2:1-2

**My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig
nie; en as iemand gesondig het, ons het ’n Voorspraak by die Vader,
Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is ’n versoening vir ons sondes,
en nie alleen vir ons s’n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.**

(1 Johannes 2:1-2 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 2, Artikel 3

*Hierdie dood van die Seun van God is die enigste en volmaakste offer en voldoening vir
die sondes. Sy dood is van oneindige krag en waarde, oorvloedig genoeg om die sondes
van die hele wêreld te versoen.*

Tema: Christus se offer is heeltemal genoegsaam vir die sondes

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, soos by artikel 2 bely ons hier in die derde artikel
ook net die hooflyne aangaande Christus se kosbare dood aan die kruis. Ons bely net die
hooflyne omdat die Heidelbergse Kategismus oor die dood van Christus baie meer

uitgebreid is en die Heidelbergse Kategismus aanvaar word as bekend. Dit wat ons in die Heidelbergse Kategismus bely is immers die heel basiese kennis van die leer wat elke belydende lidmaat behoort te ken. Wanneer iemand belydenis van sy geloof wil doen in die Gereformeerde Kerk Bellville is die vrae van die Heidelbergse Kategismus die vrae wat gebruik word om te hoor of so 'n persoon die leer van die kerk begryp.

Tot by artikel 4 en 5 bring ons nog die boustene bymekaar wat die bouwerk uiteindelik moet dra. Ons bely in die eerste vyf artikels van hoofstuk 2 sake aangaande Christus se dood wat goed bekend is. Wanneer ons hierdie sake weer goed onder die knie het, sal ons ook kan insien hoekom die mense wat nie die Bybelse uitverkiesingsleer wil glo nie, aan die dwaal is.

Verlede Sondag het ons aan die hand van die tweede artikel gehoor dat God uit oneindige genade sy Seun as Borg gegee het om die sondeskuld van die mens by God te betaal. Aangesien elke sondaar weens sy sonde en sondige aard in werklikheid bankrot is – hy kan niks goeds doen nie – kan hy ook nie self vir sy sondeskuld by God betaal nie. Die Seun van God moes die uitverkore sondaars uit hierdie verlore en ellendige toestand uitred.

Dit is goed om te weet dat Jesus Christus die Borg is wat die skuld betaal het. Maar in ons land met sy wie weet hoeveel godsdienste is daar mense wat sê dat Jesus Christus nie al een is wat die skuld betaal nie. Daar is dan selfs mense wat vra: Wie sê die Moslem en die boeddhis sal nie ook deur hulle gode gered kan word nie? Mag Christene nog in 'n land met so 'n groot verskeidenheid sê dat die Christelike geloof die enigste ware geloof is?

Dan is daar ook nog sogenaamde Christene wat sê dat 'n mens nie kan verwag dat Christus al die mens se skuld moet betaal nie. 'n Mens waardeer mos nie iets wat jy sommer net so verniet kry nie. Jy pas iets waarvoor jy hard gewerk het beter op as wat jy daardie verniet ding gaan oppas.

Ons bely egter dat die **dood van Jesus Christus die Seun van God die enigste en volmaakste offer en voldoening vir die sondes is. Sy dood is van oneindige krag en waarde, oorfloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen**. Kom ons luister hoe die Heilige Gees juis dit vir ons duidelik maak in ons kernverse.

Johannes het begin deur te getuig dat God lig is (1 Joh 1:5). Daarmee word bedoel dat God volmaak heilig is. Daar is geen duisternis in Hom nie. Daar is niks in God se Wese, woorde of werke wat sy heiligheid ondermyn of teëspreek nie. Aangesien God volmaak heilig is, is daar geen sonde by Hom te vinde nie en Hy verdra ook geensins die sonde nie.

Op grond van hierdie waarheid aangaande God begin Johannes met mense praat wat sommer maklik sê dat hulle Christene is. Dit is mos hoe dit in ons eie land ook gedoen word. As jy die sensusopnames nagaan dan is blykbaar sewentig persent van Suid-Afrika se bevolking Christene. Maar hoekom vier onreg en korrupsie en moord en diefstal so hoogty in ons land? Hoekom is wetsgehoorsame burgers op die Kaapse Vlakte te bang om saans 'n erediens by te woon? Omdat dit maklik is om te sê jy is 'n Christen. Die bewys van so bewering sal in die lewe van so 'n mens raakgesien word.

Iemand wat beweer dat hy 'n Christen is, maar hy wandel in die duisternis en doen dinge wat hy nie in die lig wil doen nie, lieg oor sy Christenskap. Dit is hierdie bewering van mense dat hulle Christene is, maar openlik goddeloos lewe, wat veroorsaak dat mense

sku raak vir Christene en die kerk.

Daarmee wil ons nie sê dat jy sondeloos moet wees voordat jy die evangelie aan iemand kan verkondig nie. In hierdie lewe sal geen Christen sondeloos kan wees nie. As 'n Christen beweer dat hy geen sonde doen nie, mislei hy homself. As hy beweer dat hy nie gesondig het nie, sê hy dat God 'n leuenaar is. Die Here sê prontuit in sy Woord dat alle mense sondig.

Nee, 'n ware Christen is nog nie volmaak in hierdie lewe nie. Volmaaktheid en sondeloosheid is iets wat eers heeltemal waar sal wees van Christene wanneer Jesus Christus terugkom op die wolke van die hemel. Maar nou strew die ware Christen al daarna om geloofwaardig te lewe. Hy wil nie net sê dat hy 'n Christen is nie. Hy lê hom daarop toe om as 'n Christen te lewe. Hy strew daarna om al minder sonde te doen omdat hy hom elke dag van sy sonde bekeer. Dit is tog langs die weg van daaglikse bekering waarlangs die Heilige Gees die ware kinders van God heilig maak en gelykvormig maak aan die beeld van Christus.

Daarom begin Johannes:

My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie.
(1 Johannes 2:1a AFR53)

Omdat Johannes self die groot genade van God in Christus leer ken het – die genade van om van jou sondes vergewe te word en die heerlikheid van 'n intieme verhouding met die Here – daarom wil hy nie hê dat die gelowiges moet sondig nie. Gelowiges wat sonde doen, bring nie net vir hulleself groot ellende mee nie. Deur hulle sonde beswadder hulle die Naam van die Here. Dit is soos 'n kind wat deur sy goddelose lewe veroorsaak dat mense begin wonder uit watter soort huis hy kom, terwyl die kind self weet dat sy ouers verantwoordelike en wetsgehoorsame mense is. Deur sy goddelose lewe beswadder hy sy ouers se naam.

Maar toe Johannes die brief geskryf het, was hyself nog 'n Christen wat teen sy eie sondige aard gestry het. Daarom het hy geweet dit gaan ook vir die ander gelowiges onmoontlik wees om glad nie sonde te doen nie. Daar gaan nog tye van mislukking wees. Elke Christen gaan nog in hierdie lewe sonde doen. Wat moet hy dan doen? 'n Christen moet sy sonde teenoor die Here bely. En nou wys die Heilige Gees ons weer daarop wie die Here Jesus is sodat ons met vrymoedigheid ons sondes voor Hom kan bely.

... as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. (1 Johannes 2:1b AFR53)

Elke Naam wat ons in hierdie sin hoor, beklemtoon hoekom ons met vrymoedigheid ons sondes voor die Here kan bely. Ons het 'n Voorspraak by die Vader. 'n Ander woord vir *Voorspraak* is *Advokaat*. Dit is die vertaling van die Griekse woord *parakletos*. As 'n mens die woord direk vertaal, sal jy sê dit is iemand wat geroep is om langs jou te staan. Veral in 'n hofsak het jy iemand nodig wat langs jou staan om jou saak in die hof te stel.

Wanneer 'n gelowige sonde doen, is die Satan gou by om die aanklag teen hom in te bring. Alhoewel die duiwel uit die hemel uitgegooi is, hou hy nie op om gelowiges aan te kla nie. Ons moenie moedeloos word wanneer ons so aangekla word nie. Ons het 'n Advokaat, Jesus Christus, by die Vader. En as ons Advokaat vir ons pleit, sê Hy nie dat ons onskuldig is nie, want dit sou nie die waarheid wees nie. Hy pleit skuldig vir ons by die Vader. Maar dan gaan Hy verder en pleit om vergifnis van die gelowige omdat Hy self in die gelowige se plek die straf op die sonde gedra het.

Ons Advokaat by die Vader se Naam is Jesus Christus, die Regverdige. Jesus is ons Verlosser se aardse Naam wat Hom in die geskiedenis anker as regte mens. Jesus is nie die verbeelding van gelowiges nie. Hy is 'n egte mens wat uit die vrou Maria gebore is. Die mens het sonde gedoen, daarom moet 'n mens vir die sondes gestraf word. Ons Verlosser is die egte mens Jesus, want Hy moet vir mense se sondes kan sterf. Dit is nie Josef of Maria wat hierdie Naam aan Hom gegee het nie. God self gee hierdie Naam aan Hom, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos (Matt 1:21). En as Petrus en Johannes voor die Joodse owerstes en ouderlinge en skrifgeleerdes tereg staan omdat hulle 'n kreupel man in die Naam van Jesus gesond gemaak het, getuig hulle dat daar geen ander naam op die aarde aan mense gegee is waardeur God wil dat ons verlos moet word nie (Hand 4:12). Jesus is dus die enigste Verlosser.

Hy is Christus, want Hy is die Messias of Gesalfde van God. Die Jode het die idee gehad dat die Messias van God soos 'n militêre generaal hulle van die Romeinse oorheersing sal verlos. In sy onderrig aan die Jode het Jesus hulle daarop gewys dat die Christus nie net die seun van Dawid is nie, maar dat Hy ook Dawid se Here is na aanleiding van die woorde in Psalm 110 (Mark 12:35-37). Dit is uit hierdie woorde in Psalm 110 wat ons hoor dat Jesus Christus nie net 'n egte mens is nie; Hy is ook ware God. En dit is omdat Jesus Homself die Christus die Seun van God genoem het dat die Joodse Raad by Pilatus gesmeek het om Jesus te kruisig.

Ons Verlosser kan nie net 'n egte mens wees nie, want 'n mens sal onder die toorn van God oor die sonde geheel en al tot niet gaan. Net as Hy ware God ook is, sal ons Verlosser die las van die straf kan dra, want net God is sterk genoeg om die straf van God op die sonde in mense se plek te dra.

Dit is die Naam *Regverdige* wat die twee nature van Christus saambind. As egte mens is Jesus regverdig – dit beteken dat Hy geen sonde gedoen het nie want Hy het nie 'n sondige aard soos ons nie. Ja, Hy het verskriklike versoekings beleef, maar Hy het nie een keer gesondig nie. En as God is Christus natuurlik volmaak regverdig en heilig net soos sy Vader. God is lig en daar is geen duisternis in Hom nie. Jesus Christus die Regverdige kan dus as gelowiges se Advokaat by die Vader optree. Hy voldoen aan al die vereistes van 'n ware Verlosser en net Hy alleen voldoen aan hierdie vereistes. Daarom is sy dood die enigste offer vir die sondes.

Christus se dood is ook die volmaakte offer vir die sondes. Let op waar tree Jesus Christus as ons Advokaat op – by die Vader in die hemel. Die feit dat Jesus Christus nou in die hemel is, beteken dat Hy regtig volmaak die straf op die sonde gedra het. Daarom het God Hom uit die dood opgewek en Hom opgehef tot in die hemel aan sy regterhand. God die Vader is self volmaak tevrede met die offer wat sy Seun eens en vir altyd vir die sondes van mense gebring het. En omdat Jesus self geweet het dat Hy die straf volledig op die sonde aan die kruis gedra het, het Hy na die drie ure duisternis van God-verlatenheid gesê: Dit is volbring! Die straf op die sonde is volledig klaar gedra deur Hom.

En om dit nog duideliker te maak dat Jesus Christus se dood die enigste en volmaakte offer vir die sondes is, sê Johannes dat Jesus die versoening van ons sondes is. Jesus Christus is die versoening van Johannes en van die gelowiges vir wie hy destyds geskryf het se sondes. Hulle hoef niks meer te doen om van die sonde verlos te wees nie, want Christus het dit eens en vir altyd klaar aan die kruis gedoen. Daarom kan hulle nou net hulle sonde voor die Here opreg bely en God sal hulle sondes ter wille van Christus vergewe.

Maar as daar nog enigsins huiwering bestaan dat God regtig na Jesus as ons Advokaat sal luister, moet ons weer kyk hoe dit geskryf staan. Ons Advokaat tree nie voor 'n harde regter op nie. Hy is ons Advokaat by die Vader – dieselfde Vader wat sy enigste geliefde Seun as versoening vir mense se sondes gegee het. Hy het self sy Seun as Borg gegee vir mense. Daarom aanvaar Hy nie net sy Seun se offer as die enigste en volmaakte offer vir die sonde nie. Hy aanvaar ook sy Seun se pleit vir die gelowiges, want Christus pleit op grond van sy volmaakte offer wat Hy volgens sy Vader se wil volbring het.

Johannes en die gelowiges vir wie hy die brief geskryf het, het hierdie versekering gehad dat Christus hulle versoening by die Vader is vir al hulle sondes. Maar die Heilige Gees het Johannes met Jesus se Hoëpriesterlike gebed oortuig dat hulle wat destyds geleef het nie die enigste mense is vir wie Christus die versoening vir hulle sondes is nie. Jesus het geweet daar sal nog baie mense tot geloof kom in Hom deur die prediking van sy evangelie. Daarom het Johannes vers 2 afgesluit met die versekering dat Jesus Christus die versoening is vir die hele wêreld.

Wat word bedoel met *die hele wêreld*? Presies dieselfde wat die Here bedoel met *die wêreld* in Johannes 3:16 wanneer Hy sê:

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. (Johannes 3:16 AFR53)

Dit maak nie saak in watter eeu of millennium die Heilige Gees iemand deur die Woord van God tot geloof in Jesus Christus gaan bring nie; dit maak nie saak hoe oud iemand is wanneer die Heilige Gees hom tot bekering in Christus bring nie; dit maak nie saak watter verskriklike sondes iemand gedoen het voordat die Heilige Gees hom tot geloof in Jesus bring nie – Jesus Christus se dood bly steeds die enigste en volmaakte offer vir daardie mens se sondes. Elke liewe sondaar wat van die Heilige Gees die versoening van Christus deur die geloof ontvang, sal gered word en sal saam met God op die nuwe aarde leef.

Gelowige kind van God, mag die Heilige Gees hierdie troos aan jou hart vasmaak. Dit maak nie saak hoe erg jou sondes was nie, Christus het vir elkeen van hulle klaar aan die kruis betaal. Christus het genoegsaam gely vir die ergste van jou sondes. In en deur Jesus Christus het die belofte van God in Jesaja 1 waar geword:

Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. (Jesaja 1:18 AFR53)

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 5-4:1, 2 (10:1, 2)

- | | | | |
|---|--|---|--|
| 1 | Wie kan ons voor die regter daag?
Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem
as God sy kind regverdig noem? | 2 | Dis Christus wat die skuld wou dra,
die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit
en altyddeur vir ons wil bid. |
|---|--|---|--|

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.